education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## SEPTEMBER 2024

**PUNTE: 70**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Roman (35)
   AFDELING B: Drama (35)
   AFDELING C: Kortverhale (35)
   AFDELING D: Gedigte (35)

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

4. Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

5. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

8. Bestee ongeveer 75 minute aan elke afdeling.

9. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 5 |
| **OF** | | |
| 2. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 8 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord die vraag.** | | |
| 3. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 12 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 4.1 "Geluk in ongeluk" | 18 | 16 |
| **EN** | | |
| 4.2 "'n Hulpelose Samaritaan " | 17 | 17 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 5.1 "Wetenskapmannetjies" | 18 | 19 |
| **EN** | | |
| 5.2 "Die dans van die reën" | 17 | 21 |

**KONTROLELYS**

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1–2 | 1 | |
| | | | |
| B: Drama | 3 | 1 | |
| | | | |
| C: Kortverhale | 4 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | |
| D: Gedigte | 5 | 1 (2 gedigte) | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het. | | | |

## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### VRAAG 1: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS A

> Terwyl Beyers vanoggend weer al fluitend langs my marsjeer, vra ek hom wat hy verkies – kortverhale met 'n gelukkige einde of kortverhale met 'n ongelukkige einde? Toe sê hy dit maak nie eintlik saak nie. 'n Kortverhaal hoef nie noodwendig 'n "einde" te hê nie, dis bietjie outyds. Hy hou van kortverhale wat as *a slice of life* aangebied word. Jy hap daaraan, jy kou daaraan, jy wil nog hê as jy klaar gekou het.
>
> "En as jy nie daarvan hou nie?" vra ek benoud.
>
> "Dan spoeg jy dit uit," sê hy en begin weer fluit.
>
> Die meeste van die tyd fluit hy deuntjies uit ou musiekflieks. Vanoggend was dit *The Sound of Music:* "Climb Every Mountain" (wat hy blykbaar hierdie vakansie van plan is om te doen) en "My Favourite Things" …
>
> Ek sal liewers nie my kortverhaal vir hom gee om te kou en uit te spoeg nie. *Stillewe met tande*. Dis wat ek dit wil noem. Ek wonder of ek dit sal waag om dit vir juffrou Liebenberg te wys. ("Nóg 'n storie oor tande, Hanna?") Ja, juffrou Liebenberg, Fabienne is nie die enigste een wat 'n manjifieke obsessie oor iets so belaglik soos tande ontwikkel het nie.

1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) neer.

Beyers is kreatief. Ons sien dit in sy beroepe, want een daarvan is dat hy 'n (1.1.1) ... is. Fabienne se pa is nie kreatief nie en sy beroep is om 'n (1.1.2) ... te wees. Hanna hou van skryf en was baie kwaad toe Amos en Tibo die (1.1.3) ... in haar boek lees. Juffrou Liebenberg het Hanna altyd gekomplimenteer deur te sê dat sy 'n wonderlike (1.1.4) ... het. (4)

1.2 Verduidelik waarom Beyers 'n beter pa vir Hanna as Gavin was.
GEE TWEE redes. (2)

1.3 "Ek sal liewers nie my kortverhaal vir hom gee om te kou en uit te spoeg nie." (Reël 12)

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie reël sê vir ons Hanna was bang dat Beyers haar kortverhaal gaan (kritiseer/bewonder). (1)

Kopiereg voorbehou 

1.4 Beyers sing "Climb Every Mountain" en "My favourite Things".

1.4.1 Waarom pas "Climb Every Mountain" so goed by hierdie roman? (1)

1.4.2 Waarom kan hierdie vakansie van die gesin as een van Mana en Beyers se "favourite things" beskou word? (1)

1.4.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.4.3) neer.

Tibo se gunstelingboek wat hy saam op vakansie geneem het, was ...

A Narnia.
B Pinnochio.
C Charlie and the Chocolate Factory.
D Harry Potter. (1)

1.5 Hanna wil haar kortverhaal *Stillewe met tande* noem. Dink jy dit is 'n goeie titel vir haar kortverhaal? Motiveer jou antwoord. (1)

1.6 Fabienne is ook kreatief.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Fabienne is kreatief en hou van (verf/dans). (1)

1.7 " … Fabienne is nie die enigste een wat 'n manjifieke obsessie oor iets so belaglik soos tande ontwikkel het nie." (Reëls 15 tot 16)

1.7.1 Noem TWEE redes waarom Hanna 'n obsessie oor tande gehad het. (2)

1.7.2 Waarom kan ons sê dat hierdie obsessie Hanna negatief beïnvloed het? (1)

1.7.3 Kan 'n obsessie manjifiek wees? Motiveer jou antwoord. (1)

1.7.4 Watter raad sal jy vir Hanna oor haar obsessie gee? (1)

1.8 Waarom kan ons verstaan dat Hanna vir haarself 'n alter ego geskep het? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

Vir my het so ‘n konsertspeletjie glad nie so aanloklik geklink nie. Maar nou ja, met twee professionele akteurs in die geselskap, en my peroksiedpa wat in elk geval aanmekaar konsert hou, en my ma wat ook maar ‘n drama queen kan wees as sy die dag wil, en Tibo wat dink Hollywood is net een trappie onder die hemel, en Sharon Bester wat pas gehoor het sy kan vir Julia Roberts gaan onttroon ... Ek het nie eens ‘n kans gekry om beswaar aan te teken nie.

Beyers het voorgestel dat ons gesegdes uitbeeld. Soos in *die vere maak die voël.* Dis die gesegde waarmee Gavin begin het. (Hoe dan nou anders?) *Don’t judge a book by its cover.* Dis waarmee ek en Sharon hom troef. *As die kat weg is, is die muis baas.* (Beyers het die kat voorgestel, Tibo en Amos die twee baljarende muise.) *Van nuuskierigheid is die tronk vol en die kerk leeg*. Yann en sy ma se poging. Wat ons omtrent laat kopkrap het. En toe probeer my ma ‘n kalkoen voorstel (vir *ek is nie onder ‘n kalkoen uitgebroei nie*) deur haar arms te flap en haar mond rond te maak en haar ken te laat bewe. En sy lyk so simpel dat ons amper van ons stoele afval soos ons lag.

“Ag nee!” roep sy uit. “Ek gaan nie meer speel nie! Ek voel soos ‘n idioot!”

“Jy lyk soos ‘n idioot,” sniklag Beyers met trane wat oor sy wange loop.

“Ek’s nie ‘n idioot nie, ek’s ‘n kalkoen!”

“Ook maar goed jy het ander talente, my engel,” troos Gavin. “Jy sou ‘n disaster gewees het op die verhoog.”

1.9 Dit is Hanna se verjaardag.

Kies die voordeel van elk van Hanna se geskenke in KOLOM B wat by die geskenk in Kolom A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.9.1 tot 1.9.4) neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1.9.1 | Sharon se geskenk aan Hanna | A | Hanna kan haar lewensverhaal skryf. |
| 1.9.2 | Yann se geskenk aan Hanna | B | Hanna sal nie ongemaklik in ‘n stywe kledingstuk voel nie. |
| 1.9.3 | Gavin se geskenk aan Hanna | C | Hanna kan ‘n make-over kry. |
| 1.9.4 | Margot se geskenk aan Hanna | D | Hanna gaan klassiek lyk. |
| | | E | Hanna kan gaan draf. |

(4x1) (4)

1.10 Noem nog TWEE dinge, behalwe die geskenke en konsertspeletjie, wat Hanna se verjaardag spesiaal gemaak het. (2)

1.11 Waarom noem Hanna vir Gavin haar “peroksiedpa”? (Reël 2) (1)

Kopiereg voorbehou 

1.12 Dink jy ook dat Sharon vir Julia Roberts kan onttroon? Motiveer jou antwoord. (1)

1.13 Waarom dink jy pas die gesegde *"die vere maak die voël"* so goed by Gavin? (1)

1.14 Hoekom is dit goed dat Yann en Margot saam in 'n groep is? (1)

1.15 Hoekom is dit goed dat Hanna en Margot nie saam in 'n groep is nie? (1)

1.16 "Ook maar goed jy het ander talente, my engel," troos Gavin. (Reël 19)

Noem nog EEN van Mana se talente. (1)

1.17 Hoekom word Beyers nie kwaad vir Gavin as hy vir Mana "my engel" noem nie? (Reël 19) (1)

1.18 "Jy sou 'n disaster gewees het op die verhoog." (Reël 20)

1.18.1 Waarom sê Gavin hierdie woorde vir Mana? (1)

1.18.2 Hoekom is dit 'n goeie idee om tydens vakansies konsertspeletjies soos charades te speel? (1)

1.18.3 Waarom kan ons vir Mana aan die einde van die speletjie bewonder? (1)

1.18.4 Watter les kan ons op Hanna se verjaardag by Gavin leer? (1)
**[35]**

**OF**

## VRAAG 2: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

Sy kan sien Tibbey en Roos is baie *close*, seker van jare se letterlike en figuurlike saamstaan, vermoed Lien.

Hoewel Tibbey haar die reëls van hulle lewe op straat deeglik voorsê, kom Lien gou agter dat hy hom glad nie aan sy eie reëls steur nie. Hy gaan soms soos 'n hanswors by sy hoek te kere en aan die geskater van die mense kan Lien agterkom dat Tibbey 'n groot aantrekkingskrag by dié hoek is. Roos praat van Tibbey se hoek as "Entertainment Corner". Skugtere nederigheid om 'n paar sente uit die motoriste se gewetes te wurm, bestaan nie by hom nie.

As Tibbey teetye sy geld tel, is dit gewoonlik dubbeld soveel as wat sy of Roos het. Soms het hy wel ook 'n boodskap wat slordig op 'n stuk karton geskryf is, maar gewoonlik is dit net hy en sy blikkie en soms 'n Bloubul-vlag wat hy rondswaai asof sy lewe daarvan afhang. Hy daag ook selde met dieselfde plakkaat by die werk op.

*Homeless and parentless. Please help! God bless,* lui die jongste.

"Tibbey, maar jy is mos nie huisloos en ouerloos nie," lag Lien.

"Ek weet nie waar is my ma nie en ek het nog nooit 'n pa gehad nie ..."

2.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) neer.

Tibbey, Lien en Roos is al drie arm en daarom het hulle (2.1.1) ... geword. Hulle woon in die stad (2.1.2) … en as Tibbey sy (2.1.3) … op sy kop het, gee die motoriste vir hom meer geld.Tibbey is nie *homeless* nie, wat hy woon in ‘n kamer by die (2.1.4) … . (4)

2.2 Verduidelik waarom Tibbey aan die begin ‘n beter vriend vir Lien as Roos was. Gee TWEE redes. (2)

2.3 “… seker van jare se letterlike en figuurlike saamstaan.” (Reël 1 tot 2)

2.3.1 Verduidelik die letterlike betekenis van die “saamstaan”. (1)

2.3.2 Verduidelik die figuurlike betekenis van die “saamstaan”. (1)

2.4 Skryf TWEE van Tibbey se reëls oor die lewe op straat in Afrikaans neer. (2)

2.5 Waarom kan ons vir Tibbey bewonder as hy op sy hoek werk? Noem TWEE feite. (2)

2.6 Watter TWEE ander werke doen Tibbey nog? (2)

2.7 Dink jy dit is verkeerd van Tibbey om te sê hy is *homeless* as hy ‘n blyplek het? Motiveer jou antwoord. (1)

2.8 Lien het ook ‘n bord waarop staan *“Twee afhanklikes”*. Waarom wek dit simpatie vir Lien by die leser? (1)

2.9 Gee TWEE redes waarom Lien op hierdie stadium ook eintlik ouerloos is. (2)

2.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.10) neer.

Lien is nie huisloos nie, want …

A sy woon by tannie Bets.
B sy woon in ‘n woonstel.
C sy woon op straat.
D sy woon in die koshuis. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

Toe haar selfoon se wekker die volgende oggend afgaan, weet Lien wat sy moet doen. Kort pouse wag sy vir Hein op die stoep toe hulle by die Wiskunde-klas uitkom.

"Hein, ek moet met jou besigheid gesels," val sy sommer met die deur in die huis.

Hein lyk ongemaklik. Hy kyk oor haar skouer na die ander kinders wat by die deur uitbondel. Sy soek na woorde. Dit gaan nie werk om die hele storie op die stoep te vertel nie. Sy sal hom iewers moet kry waar hulle rustig kan gesels.

"Sal jy asseblief ná skool saam met my by die Wimpy gaan koffie drink? Ek het 'n probleem en ek dink jy kan help."

Hein lyk erg verleë en ongemaklik. Hy kyk oor sy skouer.

"Eintlik moet ek ..."

"Net tien minute, *promise*."

Hy stem teësinnig in.

Die hele dag dink sy aan Tibbey met die af bene. En aan Sproet.

Toe sy by die Afrikaans-klas uitloop, roep juffrou Breytenbach haar terug.

"Hoe gaan dit met die nek?"

2.11 Verduidelik wat die besigheid was waaroor Lien met Hein wou praat. (Reël 3) (1)

2.12 Waarom het Lien vir Hein gevra om haar met hierdie besigheid te help en nie vir Wouter nie? (1)

2.13 "Hy stem teësinnnig in." (Reël 12)

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie reaksie van Hein sê vir ons dat Hein (nie dadelik opgewonde was om vir Lien te help nie/dadelik opgewonde was om vir Lien te help). (1)

2.14 Waarom is Tibbey se bene geamputeer? (1)

2.15 Tibbey en Lien is goeie vriende. Waarom sal dit vir jou goed wees om 'n vriendin soos Lien te hê? (1)

2.16 Dink jy dit is 'n goeie ding dat Lien aan Sproet dink? (Reël 13) (1)

2.17 Vriendskap is 'n belangrike tema in die verhaal.

Hoe het …

2.17.1 … Lien en Wouter se vriendskap begin? (1)

2.17.2 … Lien en Miemie se vriendskap begin? (1)

2.17.3 … Lien en Dirkie se vriendskap begin? (1)

2.18 Net soos Juffrou Breytenbach is daar ander volwassenes wat ook vir Lien omgee.

Kies die gevolge van die volwassenes se optrede in KOLOM B wat by die insidente in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–E) langs die vraagnommers. (2.18.1 tot 2.18.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.18.1 | Juffrou Breytenbach klim in Lien se *bubble.* | A | Lien kry vir Tibbey in die hospitaal. |
| 2.18.2 | Gerhard laai vir Lien op toe sy bedel. | B | Lien besef hoe maklik mense se lewens vekeerd kan loop. |
| 2.18.3 | Roos vertel vir Lien haar lewensverhaal. | C | Lien besluit sy wil nie meer Regte studeer nie. |
| 2.18.4 | Dirkie vervoer vir Lien. | D | Lien kry motivering om vir onderskeidings te werk. |
| | | E | Lien se gesin kry finansiële hulp. |

(4 x 1) (4)

2.19 Verduidelik waarom jy dink dat die stofomslag van hierdie roman gepas is. Verwys na TWEE aspekte van die stofomslag. (2)

2.20 Daar is baie spannende insidente in die verhaal. Waarom is dit belangrik dat ‘n roman soos *Lien se lankstaanskoene* ‘n spanningslyn het? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 3: *FIELA SE KIND* – *DIE DRAMA* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

LANGE: Dis ‘n ander saak. Saans gaan daardie kinders huis toe, dis die werfvolk se kinders. Dis ‘n verkeerde ding hierdie.

FIELA: Sê wie?

LANGE: Sê ek.

FIELA: As jy ‘n hanslam gevat en grootgebring het, wie gaan vir jou sê wie se skaap dit is?

DIKKE: Hoekom het jy nie die kind grootplaas toe gevat, na baas Petrus Zondagh toe nie? Hy is ‘n vername man, hy sou geweet het wat om te doen.

FIELA: Baas Petrus was agter by die see.

DIKKE: Dan kon jy die kind dorp toe gevat het, na die magistraat toe.

FIELA: Magistraat wat waar was? Onse dorp het maar anderdag magistraat gekry.

SELLING: Fiela … Sê die baas van die veldkornet.

LANGE: Wat van die veldkornet?

FIELA: ‘n Week ná ek die kind gekry het, is ek dorp toe om die veldkornet te sê, maar toe was hy weg Dugas toe agter skaapdiewe aan. Toe ek weer loop om te hoor of hy al gekom het, toe sê hulle hy’s begrafnis toe onder op Haarlem.

LANGE: En toe het jy nie weer gegaan nie?

FIELA: Nee. Die kind wou toe nie meer van my rok af nie. Ek had hom toe gevat.

LANGE: Jy’t die kind dus skelm gehou?

FIELA: Ek het hom van niemand gesteel nie.

BENJAMIN: Ma …

FIELA: Loop speel, Benjamin. Loop kry jou skuit op die water.

DIKKE: Mense, wag ‘n bietjie. Hoe lank gelede sê jy was dit dat jy hom hier voor jou agterdeur gekry het?

FIELA: Nege jaar.

DIKKE *(draai hom na die lange)*: Hoekom onthou ek dan nou van ‘n ander ding?

3.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e)

neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers 3.1.1 tot 3.1.4 neer.

Selling vra vir die dikke en lange wat hulle besigheid was en hulle antwoord hom dat hulle met (3.1.1) … besig was. Fiela sê vir hulle dat sy weet wanneer sy gebore is, want dit staan voor in die (3.1.2) … . Oude Wolwekraal het eers aan die Wehmeyers behoort, maar later is die twaalf morg op (3.1.3) … se naam gesit. Die Komoeties is dus nie pagters of werfvolk nie, maar die (3.1.4) … van Wolwekraal. (4)

3.2 "Dis 'n verkeerde ding hierdie." (Reël 2)

3.2.1 Wat was die verkeerde ding waarvan die lange praat? (1)

3.2.2 Stem jy saam met die lange dat dit 'n verkeerde ding was? Motiveer jou antwoord. (1)

3.2.3 Waarom is dit ironies dat die dikke dit 'n verkeerde ding noem? (2)

3.3 "Die kind wou toe nie meer van my rok af nie".

Verduidelik die figuurlike betekenis van hierdie woorde. (1)

3.4 Waarom kan ons al van die begin af verstaan dat Benjamin as volwasssene so graag 'n roeier wou word? (1)

3.5 Hoe oud was Benjamin toe hy by die Komoeties aangekom het? (1)

3.6 "Hoekom onthou ek dan nou van 'n ander ding?" (Reël 26)

3.6.1 Wat het die dikke onthou? Gee TWEE feite. (2)

3.6.2 Wat impliseer die dikke met hierdie ding wat hy onthou? (1)

3.6.3 Waarom kan ons verstaan dat Fiela senuweeagtig oor hierdie "ander ding" was? (1)

3.6.4 Dink jy dit was reg van die dikke om vir Benjamin te ondervra? Motiveer jou antwoord. (1)

3.6.5 Waarheen gaan die lange en dikke die volgende dag? (1)

3.6.6 Wat gaan hulle daar omtrent die saak van Benjamin doen? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg

**TEKS F**

LUKAS: Groet Ma my nie?

FIELA (*op band*): Hy't my Má genoem? Loof die Here, o my siel. Here, hou my bene styf sodat ek hierdie hemel regop beleef vandag.

LUKAS: Moenie so huil nie, Ma. Ek het gekom. In die sak is ‘n vis. As ek reg onthou, het iemand destyds gesê ek moet ‘n vis saam terugbring. Moenie huil nie, kyk, ek het die vyf sjielings ook nog. *(Lag en soen haar op die mond.)*

*Ligte doof uit met Fiela se stem op band.*

FIELA: Ons moes Selling lawe en hom in die kooi sit. Hy het gesê Kittie moet die Bybel bring en vir hom van die verlore seun lees. Maar Kittie het te veel gehuil en toe het Benjamin maar self gelees. Ons het nie ‘n vetgemaakte kalf geslag en geëet nie; ons het net almal om Selling bly sit en sewe jaar tussen ons losgepraat.

*Ligte kom op oor* FIELA *se werf. Ons hoor ‘n gekap op die agtergrond.* FIELA *en* SELLING *op verhoog.*

FIELA (*op band*): Benjamin werk soos ‘n man wat honger is en nie genoeg kan kry nie.

3.7 Fiela het aan Bejamin as groot gedink in die tyd toe hy weg was. Hoe het sy nooit aan hom gedink nie? (1)

3.8 Waarom kan Fiela nie glo dat Benjamin haar "Má" genoem het nie? (Reël 2) (1)

3.9 "… sodat ek hierdie hemel regop beleef vandag." (Reël 3)

Wat is die "hemel" waarvan Fiela hier praat? (1)

3.10 " … ek het die vyf sjielings ook nog." (Reël 6)

Waarom het Fiela lank gelede vir Benjamin die vyf sjielings gegee? (1)

3.11 *Ligte doof uit met Fiela se stem op band.* (Reël 7)

3.11.1 Wat gebeur met ligte as dit uitdoof? (1)

3.11.2 Waarom is dit belangrik dat ligte in ‘n drama kan uitdoof? (1)

3.12 Waarom dink jy wou Selling die storie van die verlore seun hoor? (Reël 9) (1)

3.13 "Ons het nie ‘n vetgemaakte kalf geslag en geëet nie …" (Reël 10 tot 11)

Sou dit gepas wees as Fiela en Selling 'n vetgemaakte kalf geslag het en op hierdie dag as ete voorberei het? Motiveer jou antwoord. (1)

3.14 Sekere karakters se dade het ernstige gevolge op ander karakters se lewens.

Pas die gevolge in KOLOM B by die gebeure in KOLOM A.
Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.14.1 tot 3.14.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.14.1 | 'n Ma gooi haar lam soos 'n ooi weg. | A | Die boskinders word mishandel. |
| 3.14.2 | 'n Pa is lui, maar maak heeldag planne om ryk te word. | B | Die kinders van die Lange Kloof kry 'n goeie opvoeding. |
| 3.14.3 | 'n Ma ondersteun haar kinders fisiek, geestelik en intellektueel. | C | Benjamin word verlos van Lukas van Rooyen. |
| 3.14.4 | 'n Ma erken sy het die verkeerde kind gevat. | D | Benjamin en Nina raak verlief op mekaar. |
| | | E | Benjamin word 'n hanskind. |

(4 x 1) (4)

3.15 Wat wil Fiela na hierdie besoek van Benjamin doen om te verseker dat hy 'n goeie toekoms in die Lange Kloof sal hê? (1)

3.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.16) neer

*"Ons hoor 'n gekap op die agtergrond."* (Reël 13)

Daar is 'n gekap op die agtergrond, want …

A Tollie kap vuurmaakhout.
B Benjamin is besig om 'n roeispaan te maak.
C Selling is besig om karwatse te maak.
D Emma tap aalwyne. (1)

3.17 Waarom is Fiela se unieke taalgebruik so belangrik in die drama? (1)

3.18 Waarom kan ons glo dat Benjamin se innerlike konflik aan die einde van die drama opgelos is? (1)

3.19 Wat gebeur heel aan die einde van die toneelstuk om te wys dat die toneelstuk klaar is? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale uit die bundel wat jy bestudeer het.

**VRAAG 4: *SPIEËLBEELDE***

4.1 **'GELUK IN ONGELUK' – Theltom Masimila**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

Gavin stap by die kamer met die geel deur in. Hy het 'n glas lemoensap en 'n brief in 'n bruin koevert by hom. Oorkant die deur is 'n groot venster met 'n wit gordyn waardeur die son sy oggendstrale dwing. Dit land op die bed waar Karla lê en "rus".

Die vertrek lyk soos 'n voorkamer met twee banke en 'n stoel wat voor die bed staan en na 'n TV gedraai is. Daar is 'n gaskaggel en blomme op 'n mantel wat altyd lyk asof dit ure terug gepluk is. Die bed staan in die kamer soos 'n meubelstuk, soos 'n glaskas in die son.

Gavin het altyd trots met Karla gespog. Hy het haar sy "sleuteltjie na geluk" genoem omdat hy haar op sy een-en-twintigste verjaardag ontmoet het. Dit was 'n Sondag-agtermiddag in 'n koffiewinkel met 'n Italiaanse naam. Hulle het albei cappucino's bestel en voor die skuim die bodem bereik het, het hulle alles van mekaar geweet.

Die lug ruik soos aarbeie. Soet en ferm, maar ook vriendelik. Nog elke keer as hy by die kamer met die geel deur ingestap het, het hy diep asemgehaal en dan kry hy hoendervleis wat hy van sy nek tot by sy arms voel trek. Vandag ruik hy steeds die aarbeie, maar die hoendervleis is nie meer daar nie. Dis net nie daar nie en dit pla hom. Hy sit die brief wat tussen sy vingers bewe op die mantel neer en die lemoen-sap op die linkerbedkassie.

4.1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord neer te skryf. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (4.1.1(a) tot 4.1.1(d)) neer.

Karla kan nie tydens Gavin se besoek met hom praat nie, want sy is in 'n (4.1.1) (a) … nadat sy (4.1.1) (b) … jaar gelede in 'n ernstige (4.1.1) (c) …as. Vicky is Gavin en Karla se (4.1.1) (d) … . (4)

4.1.2 Lees weer die titel van die verhaal.

Verduidelik waarom hierdie 'n gepaste titel vir die verhaal is deur na die woorde "Geluk" én "ongeluk" in die titel te verwys. (2)

4.1.3 Waarom het Gavin Karla se kamerdeur geel geverf? (1)

4.1.4 Watter fisiese teken is daar in die uittreksel dat Gavin op hierdie dag senuweeagtig is? (1)

4.1.5 Waarom is die brief in Gavin se hande so belangrik? (1)

4.1.6 Waarom kan ons Gavin se innerlike konflik verstaan? (2)

4.1.7 Waarom is Gavin se verhouding met die nuwe vrou so ironies? (2)

4.1.8 Watter TWEE fisiese ooreenkomste is daar tussen Karla en die nuwe vrou in Gavin se lewe? (2)

4.1.9 Dink jy Gavin het aan die einde van die verhaal die regte besluit oor Karla se lewe geneem? Motiveer jou antwoord. (1)

4.1.10 Wat was die hoofrede vir Gavin se besluit oor Karla se toekoms? (1)

4.1.11 Wat het Vicky gedink is die hoofrede vir Gavin se besluit oor Karla se toekoms? (1)

**EN**

4.2 **‘ ’n HULPELOSE SAMARITAAN’ – TT Cloete**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

Hans ry Vrydae oudergewoonte ‘n ver ent uit die dorp uit met die opregte honde. Vir hulle oefening en vir sy eie ontspanning gaan stap hy langs die grondpad met hulle tussen uitgestrekte, afgeleë plase waar dit stil is.

Onderweg kom hy op so ‘n uitstappie af op ‘n ouerige man wat van sy fiets geval het en langs die pad lê. Hy maak met sy arms smeekgebare. Hans hou stil en sien dat hy baie seergekry het. Hy het kwaai pyn en is koud. Dit is winter, een van daardie Hoëveldse dae waar dit die middag steeds genadeloos koud bly, onder die helder son, en die man is armoedig geklee.

Die fietser ruik sterk na drank. Hans is aanvanklik nie seker of dit die beserings of die drank is wat die man verhinder om regop te staan of te loop nie.

“Ek het niks hier by my om jou te dokter nie en ek kan jou ook nie in my motor inlaai en dokter toe vat nie,” sê hy vir die man.

***

Hans staan voor ‘n nare keuse. Hy oorweeg verskeie moontlikhede.

4.2.1 Waarom was dit vir Hans ook voordelig om Vrydae met sy honde te gaan stap? (1)

4.2.2 Waarom kan Hans nie die ou man in sy motor laai nie? (1)

4.2.3 Lees weer die titel van die kortverhaal.

(a) Waarom kan ons sê dat Hans ‘n barmhartige Samaritaan is? (1)

(b) Waarom kan ons sê dat Hans ‘n hulpelose Samaritaan is? (1)

4.2.4 “Hy oorweeg verskeie moontlikhede.” (Reël 13)

Verduidelik waarom die TWEE moontlikhede wat Hans hier oorweeg, nie sal werk nie. (2)

4.2.5 Later soek Hans sy honde.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hans hoor waar sy honde is, want hy (het al die boere in die streek gebel/het dit in die streekkoerant geadverteer). (1)

4.2.6 Watter eienskap van die boer wat Hans later ontmoet, dink jy maak vir Hans die ongelukkigste? (1)

4.2.7 Wat lei Hans af uit die motor wat hy later in die skuur sien en die vrou wat deur die gordyne loer? (1)

4.2.8 Waarom moet Hans die boer wat hy later ontmoet duisende betaal? (1)

4.2.9 Is die boer wat Hans later ontmoet ‘n ryk man? Motiveer jou antwoord. (1)

4.2.10 Sekere karakters se dade, besluite of woorde het ernstige gevolge op ander karakters se lewens.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.2.10(a) tot 4.2.10(d)) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| (a) | Die fietser blameer vir Hans dat sy honde vir hom belangriker as ‘n mens se lewe is. | A | Hans ly ‘n groot finansiële verlies |
| (b) | Die boer sê sekere pligte en barmhartighede word nie gedeel nie. | B | ‘n Ongeluk word moontlik veroorsaak. |
| (c) | Die ou man soek troos in ‘n bottel. | C | ‘n Motoris dink ‘n strik word gestel. |
| (d) | Hans gaan lê in die pad. | D | Hans verloor sy honde. |
| | | E | Hans slaan ‘n boer. |

(4 x 1) (4)

4.2.11 Watter les leer hierdie verhaal jou oor barmhartigheid? (1)

4.2.12 Watter kritiek lewer hierdie kortverhaal op ons moderne samelewing? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte uit die bundel wat jy bestudeer het.

## VRAAG 5: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 5.1 **‘WETENSKAPMANNETJIES’ – Antjie Krog**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**WETENSKAPMANNETJIES – Antjie Krog**

Julle sit onder swart teleskope
en kyk na die son
tot julle besef dat julle nooit daar sal kom.
Pateties bepaal julle dan die ligjare
en vertel dat die son as’t ware
inkrimp en eendag gaan verdwyn

Ons sit maar hoog op die windpomp
en kyk hoe die son sy kop stamp
teen die rant
hoe hy bloei
hoe die vaal lug gloei
hoe die bome tot silhoeëtte verskroei.

daarom, liewe menere, teken ek klawertjies
tussen my huiswerk, kry ek 26%

want ek luister eerder na
die verdwaalde korhaan
tussen die bossies by die tennisbaan
en kwadreer liewer my vreugdes
en vind dan die logaritme van my hartseer
want syfers bring eensaamheid
wat geen mens kan keer.

[Uit: *Dogter van Jefta.* Human & Rousseau, 1970]

5.1.1 Waarom pas die titel “Wetenskapmannetjies” beter by die gedig as die titel “Wetenskaplikes”? (1)

5.1.2 Stem jy saam met die spreker dat die wetenskapmannetjies pateties is? (Reël 4) Motiveer jou antwoord. (1)

5.1.3 Sê in jou eie woorde wat die wetenskaplikes in strofe 1 voorspel met die son gaan gebeur. Skryf TWEE feite in jou eie woorde neer. (2)

5.1.4 Sê in jou eie woorde waarom ons kan sê dat die wetenskapmannetjies en die spreker kontrasterende dinge in strofes 1 en 2 doen. (2)

Kopiereg voorbehou

5.1.5 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord neer te skryf. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (5.1.5(a) tot 5.1.5(c)) neer.

Die spreker is waarskynlik op ‘n (5.1.5)(a) …, want hy sit op ‘n windpomp. Die spreker sien die son stamp sy kop en daarom is die kleur van die lug nou (5.1.5)(b) … . Hierdie beskrywing sê vir ons dat hierdie tyd van die dag (5.1.5)(c) … genoem word. (3)

5.1.6 Het die bome regtig verskroei? (Reël 12) Motiveer jou antwoord. (1)

5.1.7 Haal TWEE opeenvolgende woorde aan wat bewys dat die spreker die wetenskaplikes sarkasties aanspreek. (1)

5.1.8 Waarom teken die spreker klawertjies? (Reël 13) (1)

5.1.9 Hoe weet jy dat die spreker nie akademies presteer nie? (1)

5.1.10 Watter geluid in strofe 4 is vir die spreker mooi? (1)

5.1.11 “ek kwadreer liewer my vreugdes” (Reël 18)

(a) In watter vak sal jy die term “kwadreer” gebruik? (1)

(b) Wat gebeur met die spreker se vreugdes as dit gekwadreer word? (1)

5.1.12 Waarom dink jy moet die spreker nie wetenskaplikes stereotipeer nie? (1)

5.1.13 Watter raad sal jy aan wetenskaplikes gee om te keer dat hulle eensaam raak? (1)

**EN**

5.2 **'DIE DANS VAN DIE REËN' – Eugène Marais**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DIE DANS VAN DIE REËN – Eugène Marais**

*Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans, uit die Groot Woestyn*

O die dans van ons Suster!
Eers oor die bergtop loer sy skelm,
en haar oge is skaam;
en sy lag saggies.
En van ver af wink sy met die een hand;
haar armbande blink en haar krale skitter;
saggies roep sy.
Sy vertel die winde van die dans
en sy nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bruilof groot.

Die grootwild jaag uit die vlakte,
hulle dam op die bulttop,
wyd rek hulle die neusgate
en hulle sluk die wind;
en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.
Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,
en hulle kruip nader en sing saggies:
"Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!"

En haar krale skud,
en haar koperringe blink in die wegraak van die son.
Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier;
sy trap af van die hoogte;
sy sprei die vaal karos met altwee arms uit;
die asem van die wind raak weg.
O, die dans van ons Suster!

[Uit: *Versamelde gedigte*. J.L. van Schaik, 1936]

5.2.1 Watter inligting gee die subtitel vir jou oor die ruimte van die gedig? (1)

5.2.2 Haal TWEE aparte woorde aan wat bewys dat Jan Konterdans 'n musikant is. (2)

5.2.3 Waarom kan ons sê dat die dans van die Suster 'n simbool van iets positiefs vir die mense en diere in die gedig is? (1)

5.2.4 Lees reëls 4 en 7.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die spreker herhaal die woord "saggies" in reëls 4 en 7 om te beklemtoon dat (dit al reën/die reën nog ver is). (1)

5.2.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.2.5) neer.

Die krale wat in reël 6 skitter, is ‘n metafoor vir die …

A son se strale.
B diere se geluide.
C reën wat ophou.
D weerlig. (1)

5.2.6 Hoekom kan ons sê dat dit goed is dat die spreker die reën as ‘n “Suster” beskryf? (1)

5.2.7 Waarheen hardloop die groot diere om die Suster beter te kan sien? Haal net EEN woord aan. (1)

5.2.8 Gee die denotatiewe betekenis van die “fyn spore” in reël 14. (1)

5.2.9 Kies die begrip in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (5.2.9(a) tot 5.2.9(c)) neer.

| KOLOM A | KOMOM B |
|---|---|
| (a) “wyd rek hulle die neusgate” | A inkeping |
| (b) “sy trap af van die hoogte” | B alliterasie |
| (c) “**w**ant die **w**erf is **w**yd” | C inversie |
| | D elisie |

(3 x 1) (3)

5.2.10 Hoekom sing die kleinvolk in reël 17? (1)

5.2.11 Voltooi die sin hieronder.

‘n Strofe wat uit 8 versreëls bestaan, is ‘n … . (1)

5.2.12 ‘n Koning dra gewoonlik ‘n kroon.

Wat dra die Suster wat soos ‘n kroon lyk? Haal VIER opeenvolgende woorde aan. (1)

5.2.13 Waarvoor sal ‘n natuurbewoner soos Jan Konterdans ‘n karos gebruik? (1)

5.2.14 Verduidelik die rol van leestekens in reël 24 om die bewonderende aard van die gedig te beklemtoon. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou